Tema: Hou jou gedagtes skoon want ware diens aan God begin in jou hart. Jy is wat jy dink!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 241: 1,2
Lied 155: 1,2,3

Ontmoetingsdiens
Intreelied en Votum: Ps. 19 - 2: 5
Seën
Lofsang Ps. 111 - 2: 1,2,4
Geloofsbelydenis: Sing Sb 12 - 3: 1,2.

Verootmoedigingsdiens
Sing Ps. 139 - 1: 1,12
Wetlesing: Fokus op die Tiende gebod met HK vraag 113 en lees Kol 3: 1 - 10; Sing Ps. 38 - 1: 8, 15 (Alternatiewe melodie)
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Spreuke 4: 20 - 27
Spreuke 27: 19
Markus 7: 14 - 20.
Teks: Spreuke 4: 23 en Spreuke 27: 19
Sing Sb 11 - 3: 1,6 (Mel Sb 16 - 1)
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite
Sing Ps. 19 - 1: 6,7
Seën
Amenlied: Sb 13-2

Geliefde brs en srs en kinders

Toe dit bekend word dat sekere polonies en ander koue vleise besmet is met die listeriose bakterie was die besmette produkte binne twee dae van die winkelrakke verwyder. Daar is blitsvinnig opgetree om te voorkom dat nog mense sterf aan die gevaarlike siekte! Die leë koue vleis rakke in die winkels het ŉ mens nogal getref met die gedagte dat daar blitsvinnig opgetree is om die gevaarlike kos te verwyder.

Ons samelewing is geweldig ingestel om gesonde kos te eet wat nie skadelik is vir ons liggaamlike gesondheid nie! **Die vraag is: is ons net so gesteld op ons geestelike gesondheid?** Tree ons net so ernstig en drasties op om ons innerlike lewe – ons gedagtewêreld – gesond te hou soos wat ons ons liggame gesond wil hou?

Na Vicky Momberg twee jaar effektiewe tronkstraf opgelê is vir die gebruik van ŉ rassistiese woord, word almal op sosiale media gemaan om baie versigtig wees in wat jy skryf of sê want anders word jy dalk ook aangekla.
Die afleiding wat ŉ mens kan maak is: maar gelukkig kan ek dink wat ek wil! Ek kan in my gedagtes ŉ rassis wees solank ek dit net nie sê of skryf nie!

Is dit waar? Kan ek maar dink wat ek wil? Kan ek hierdie onderskeid maak deur uiterlike - na buite - ŉ masker van vroomheid en ŉ rein lewe voor te hou, terwyl ek in my hart – in my gedagteswêreld – eintlik ver van die Here lewe?

Nee, brs en srs, ons kan nie! Ons Here Jesus waarsku juis dat dit in my hart - in my innerlike gedagtewêreld - is waar sonde gebore word en wat my onrein maak! Daarom roep ons teks ons op om oor ons gedagtes wag hou, ons moet ons hart oppas! Hoekom moet ons ons gedagtes skoon hou? Want ten diepste bepaal my innerlike lewe - my gedagtes - hoe ek gaan praat en optree! Ja ons teks sê: jou gedagtes is die spieël waarin jy jou ware self kan sien! Jy is wat jy dink!

Die boodskap vanmore is: Hou jou gedagtes skoon want ware diens aan God begin in jou hart. Jy is wat jy dink!

Wat bedoel ons Here Jesus wanneer Hy sê: "wat van binne af uit ŉ mens kom maak ŉ mens onrein"? Om dit te verstaan moet ons ŉ baie belangrike lering van God uit die Ou Testament in gedagte hou. **Die Here leer die volk Israel in die Ou Testament dat hulle aan Hom afgesonder moet lewe**! Hulle lewe moet anders wees as die lewe van ongelowige mense! Dit moet duidelik wees dat hulle vir die Here lief is en die Here dien! Die woord wat die Here hiervoor gebruik is "rein". Kinders: rein is ŉ ander woord vir "skoon wees". Die Here wil hê sy kinders se lewe moet skoon wees. Aan die Here toegewy wees.

Om die rede het die Here ŉ hele klomp voorskrifte gemaak van dinge en gebeure wat ŉ mens onrein of vuil kon maak. Met hierdie voorskrifte wou die Here hulle leer om innerlik skoon te lewe! **Daar was sekere kos wat hulle nie mag geëet het nie!** Soos varkvleis! Nie omdat daar iets fout is met varkvleis nie – maar

omdat varke ŉ besondere rol gespeel het in die afgodsdienste van heidense nasies. Daarom mag hulle dit nie eet nie! Daar was ook **sekere gebeure** in die lewe wat mense onrein gemaak het, soos bv. om aan ŉ dooie te raak. **Sekere siektes** het ŉ mens onrein gemaak.

Wanneer iemand dan iets geëet of gedoen het of daar iets gebeur het wat hom of haar onrein gemaak het, dan kon so ŉ persoon nie by die tabernakel of later by die tempel ingaan om die Here te gaan aanbid nie! **Die persoon moes eers rein gemaak, skoon gemaak word, deur een of ander reinigingsmiddel te gebruik**. Die reinigsmiddel was gewoonlik een of ander offer wat vir die Here gebring moes word en sekere liggaamlike wasrituele wat gedoen moes word! Die offer het dan versoening gedoen en die was van die liggaam was dan die simbool dat die persoon nou weer rein of skoon is en in teenwoordigheid van die Here kon kom – hulle kon weer in die tabernakel of tempel ingaan en die Here gaan dien!

Die volk en veral die kerklike leiers in Jesus se tyd het hierdie reëls en voorskrifte van die Here verkeerd toegepas. Hulle het al die offers en was seremonies gedoen en dan gedink dat hulle rein is, maar in hulle harte het hulle nie die Here liefgehad en vir Hom geleef nie! **En dis waarom die Here Jesus sê: dit is nie vuil hande of onrein kos wat jou onrein maak nie, dit gaan net in jou maag en later weer uit jou liggaam. Dit is wat in jou hart leef wat jou onrein maak! In hulle harte het sondige dinge gedink maar gedink as hulle hulle hande was of die regte kos eet, dan is hulle rein!**

In die Bybel word ŉ mens se hart metafories gebruik vir jou innerlike lewe – jou denke, gevoelens en motiewe! Vandag sal ons praat van ŉ mens se brein as die oorsprong van jou lewe! In die Bybel – soos in ons teksverse – word van die hart gepraat! Bewaar jou hart! Pasop wat in jou hart aan die gang is want dit bepaal jou hele lewe!

Dit is waarom die Here ons leer dat Hy aan ons nuwe harte gee wanneer Hy ons sy kinders maak! Die ou hart wat net sonde en lelike wil en kan bedink word vervang met ŉ nuwe hart! **Dit is die genade en redding wat God aan ons gee: ŉ hart wat deur Jesus Christus nuut gemaak word sodat ek nou goeie en regte dinge wil en kan bedink. Ons reinigingsmiddel is Jesus**. Die doel van die offers en was seremonies is om na Christus te wys. **Met sy offer aan die kruis het Hy ons harte skoon gewas – rein gemaak - en dit vernuwe sodat ons nou aan die regte en goeie dinge wil en kan dink**! Dat ons gedagtewêreld gevul kan word met dit wat vir die Here rein en skoon is! Dit wat vir Hom goed en reg is soos Hy dit in die Bybel leer!

En om ons te help om innerlik rein te lewe het die Heilige Gees in ons hart kom woon. Ons hoef nou nie meer na ŉ tempel te gaan om die Here te aanbid nie – ons liggame is nou ŉ tempel waarin die Here self leef! Die Heilige Gees leef in ons om

ons te help ons ons hart rein te hou en ons gedagtewêreld te vul met die wat vir God goed en reg is!
Ons word nou van binne gereinig – deur die Gees van God self! God leef nou binne ons en ons gedagtewêreld moet skoon wees sodat ons met die Gees van God kan saamleef!

En daarom die dringende oproep vanmore: Bewaar jou hart! Pas jou gedagtewêreld op dat dit nie onrein is nie, maar rein en skoon! Want Satan wil nog steeds in beheer van ons gedagtewêreld kom! Hy weet dat as hy ons gedagtes beheer, beheer hy ons lewe – want ons gedagtes bepaal alles. Dit is waarom Jakobus ook skryf en sê dat alle sonde begin in jou innerlike wêreld – daar waar jy sondige begeertes koester. En sodra jy aan die begeerte toegee, begin sondige dade!

Geliefdes, die Duiwel probeer om ons gedagtewêreld te beheer deur ons konstant bloot te stel aan al die lelike dinge waarvan Jesus praat! Ons leef binne ŉ wêreld soos wat Jesus dit beskryf vol onkuisheid, diefstal, moord, owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed, en ligsinnigheid. En hoe meer ons toelaat dat die dinge ons gedagtewêreld vul – hoe meer kan die Duiwel ons vul met bose gedagtes en beheer van ons lewe neem.

En daarom moet ons oppas vir die dodelike gedagtes wat jou innerlike lewe kan siek maak en verwoes! Net soos die listeriose bakterie deur besmette polonie in jou liggaam kan kom en jou dodelik siek maak, **so kom sondige en besmette gedagtes in ons hart deur dit wat ons sien, na kyk op TV, boeke wat ons lees, internet webwerwe wat ons besoek, programme waarna ons luister.**
En as ek daardie sondige gedagtes begin koester en self begin glo – dan word ek onrein! Dan is my lewe nie meer afgesonder vir God nie – maar leef ek vir myself en die sondige begeertes in my!

Daarom moet ons die "winkelrakke" skoon maak van besmette polonie wat ons geestelik doodmaak! Waarna kyk ons, waaroor dink ons en wat vul ons gedagtewêreld! En wat laat ons ons kinders toe om te kyk, te lees en hulle gedagtes mee te vul! Voer ons hulle nie dalk besmette polonie en dink hulle gaan niks oorkom nie?

En onthou nou: Spreuke 27: 19 leer ons: jy sien jou ware self in die spieël van jou gedagtes! Moet jouself nie bluf deur te dink: ja, ek lees Bybel en ek bid en doen al die regte godsdienstige dinge, maar my gedagtes is vol bose dinge! Dan is dit wie jy regtig is! Dan is jou lewe nie skoon nie en lewe jy nie vir die Here afgesonder nie!

Ek kan nie my Facebookblad skoon hou van rassistiese opmerkings maar in my hart haat ek ander mense nie! Dan het ŉ rein Facebook maar ŉ onrein hart!

Dan is ek skynheilig! Kinders: “Skynheilig” beteken: ek hou net ŉ uiterlike beeld van heiligheid, maar innerlik is ek iets vuil. Ek hou ŉ masker voor: mense sien iets anders as wat ek werklik is. Dan is ek ŉ rassis – dit is dan wie ek regtig is – want dit is wat ek in die spieël van my hart sien!

Of geldgierig, of seksueel onrein, of ontrou aan my eggenoot, of ŉ dief of moordenaar of wat ook al! Onthou wat het ons Here Jesus ons geleer in Matteus 5 : 27“Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie.’ 28Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na ŉ vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg. 29“As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word. 30 Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland.”

Want die Here sien ook in jou hart! Hy sien wie jy regtig is en Hy weet waarmee vul jy jou innerlike lewe! Hy weet wat in jou gedagtewêreld leef en vir jou die belangrikste is! Dit wat jou lewe eintlik beheer! Dit is waarom Dawid in Ps. 139 bid: [23]Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. [24]Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!”

Hoe bewaar ek my hart? Hoe beskerm ek my teen dodelike gedagtes! **Deur jou gedagtewêreld elke dag skoon te was met die bloed van Christus! Glo en weet dat die Here vir jou ŉ nuwe hart gegee het – dit is die gawe van geloof!** Jy het ŉ nuwe hart wat God wil en kan dien! I Ons Here Jesus het vir jou hierdie nuwe hart verwerf – deur self ŉ volkome rein lewe op aarde te lei – Hy was sonder sonde – sodat ons ŉ rein hart kan hê. **Bely dan jou sondige gedagtes en vra die Here om jou te vergewe!**

Maak seker dat jy nie “besmette polonie” eet nie! Wees waaksaam met waarmee die Duiwel jou gedagtes wil vul met wat jy sien, hoor en lees! ŉ Ouderdomsbeperking op ŉ TV program of fliek is nie voldoende nie! Jy moet in die lig van die Here se Woord onderskei wat goed en reg is vir jou en jou kinders! En maak dan die rakke skoon as jy besig is besmette gedagtes te koop en te eet!

Vul jou gedagtewêreld met dit wat God ons leer in sy Woord! **Bid dat die Heilige Gees jou van binne reinig met sy vrug – di**e werk van die Heilige Gees wat in jou woon! [22]Die vrug van die Gees, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23]nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. [24]Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. [25]Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.” Dit wat vir God goed en aanneemlik is!

Brs en srs en liewe kinders, kom ons hou dan ons gedagtes skoon want ware diens aan God begin in jou hart. Onthou: jy is wat jy dink!

Amen